

# Span Leaf die koskar voor die perd in?

Die Suid-Afrikaanse graanbedryf kan die byna R50 miljoen wat inspeksiedienste die waardeketting gaan kos, doeltreffender benut vir broodnodige navorsing om die bedryf internasionaal mededingend te hou.

Leaf Services (Edms.) Bpk. is in 2016 as gevolmagtigde ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet 119 van 1990) aangewys om graan en graanprodukte te inspekteer wat vir verkope op die plaaslike mark bestem is.

Ná die deregulering van die beheerrade in 1995 is besluit om nie inspeksiedienste in te stel nie, maar daarop te konsentreer om belangriker funksies, soos die SA Graaninligtingsdiens (Sagis) en die SA Graanlaboratorium, wat belangrik is vir die werking van die vrye mark, in te stel. Die Wet op Landbouprodukstandaarde bevorder die handel in kommoditeite.

Die graanwaardeketting pas die betrokke graderingsregulasies streng toe. Met die verhandeling van graan en oliesade maak verkopers en kopers tydens die lewering van die kommoditeit aan silo's, die uitlaai uit silo's en die lewering daarvan by verwerkers seker dat die kommoditeit aan die gekontrakteerde klas en graad voldoen.

Die behoefte aan 'n inspeksiediens soos wat gedurende die tyd van beheerrade nodig was, word deur die werking van die vrye mark en transaksies ondervang. Hoewel bogenoemde wet aan die minister die mandaat gee om gevolmagtigdes aan te stel om inspeksies uit te voer, kan die minister oor die nodigheid daarvan besluit.

Tot nou toe het die graanbedryf nie 'n behoefte aan inspeksies onder die minister se aandag gebring nie. Sedert deregulering van die beheerrade was daar nie dispute wat staatsinmenging regverdig het nie.

## Talle onsekerhede

Byna 30 jaar ná deregulering het die gevolmagtigde op 24 November 2023 sy voorgestelde inspeksiemetodologie en -tariewe vir kommentaar laat afkondig. Kommentaar moet teen 22 Januarie 2024 ingedien wees.

Ten tye van die afkondiging in die *Staatskoerant* het die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling nog nie op die private sektor se versoeke gereageer om oor onopgeloste aspekte wat die graanbedryf onder die departement se aandag gebring het, te vergader nie. Die departement gee nie 'n rede waarom die instelling van inspeksies nou nodig is nie, behalwe dat die wet aan die minister die magte daartoe verleen.

Die private sektor is oor die volgende onseker:

- Die uitslag van die appèlsaak twee jaar gelede was in die guns van die private sektor. Die paneel het bevind dat die gevolmagtigde nie binne die riglyne van die wet opgetree het nie en nie voldoende met die private sektor gekonsulteer het nie. Die afkondiging in die *Staatskoerant* was dus nie wettig nie. Dit is nou twee jaar later en tot op hede het nie die departement óf die gevolmagtigde bewys gelewer dat die aanbevelings van die appèlraad in aanmerking geneem is voor die jongste afkondiging nie.
- Die private sektor het aan die begin van 2023 met die departement vergader en oor sekere beginsels ooreengekom wat moet verseker dat dieselfde foute nie gemaak sal word soos met die vorige ronde onderhandelings in 2021 nie. Die departement het nie by die ooreengekome beginsels gehou nie, maar toegelaat dat die gevolmagtigde voortgaan en inspeksiedienste en -tariewe sonder behoorlike inagneming van die ooreengekome beginsels vir kommentaar laat afkondig.
- Die departement moet eers met die private sektor ooreenkom oor die standaardbedryfsprosedure wat die inspeksiemetodologie en -tariewe bepaal, sodat die gevolmagtigde nie aannames gebruik en in eie reg 'n inspeksiemetode finaliseer, 'n sakeplan daarop grond en inspeksietariewe vir kommentaar afkondig nie.
- Watter mandaat het die departement aan die gevolmagtigde gegee? Die departement het nog nie met die private sektor oor riglyne ooreengekom nie.

Die departement behoort die ooreenkoms wat hy met die gevolmagtigde gesluit het, aan die bedryf te openbaar. So 'n diensleweringsooreenkoms behoort die gevolmagtigde se funksies te reguleer.

## Hofprosedure kan volg

Die onderskeie sektore het dit in November vanjaar duidelik gestel dat konsensus nog nie met die departement bereik is oor die inspeksiemetodologie en -uitkomste nie. Die afkondiging in die *Staatskoerant* was voortydig.

'n Groot bron van kommer is dat die departement, die gevolmagtigde en die private sektor die wet verskillend interpreteer. Dit is noodsaaklik dat alle deelnemers die wetlike riglyne korrek interpreteer. As die wet uiteenlopend geïnterpreteer word, is dit onafwendbaar dat die private sektor hom op die reg sal moet beroep om die instelling van inspeksies te voorkom totdat die hof 'n duidelike interpretasie van die wet gee.

Dit is ook kommerwekkend dat die gevolmagtigde eers met die private sektor vergader het nadat die gevolmagtigde sy inspeksiemetodologie en -tariewe vir afkondiging in die *Staatskoerant* ingedien het. Dit skep nie vertroue in en integriteit oor die manier waarop die gevolmagtigde en die departement met die private sektor omgaan nie.

Dit is onbillik om van die private sektor te verwag om kommentaar te lewer op 'n inspeksiemetodologie en -tariewe wat nie gegrond is op 'n konsensusopdrag tussen die departement en die onderskeie sektore nie. LBW

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*